

# Link Seed-sojas – Plaaslik geproduseer vir topgehalte

WESSEL PRETORIUS, BEMARKINGSDIENSTE, LINK SEED

Een van die eerste vereistes vir 'n suksesvolle sojaboonaanplanting is om die regte stand te verkry. Dit is 'n funksie van onder meer goeie saadbedvoorbereiding, die regte planterinstellings en optimale klimaatstoestande. Dit is ook 'n funksie van nuwe saad van hoë gehalte.

**D**aar word deesdae baie gepraat van ingevoerde saad en veral van die beter gehalte daarvan. Ons by Link Seed is egter trots op ons plaaslike saadkwekers en die gehalte-saad wat jaarliks gelewer word. Daarvan spreek die uitstekende opbrengsresultate wat topprodusente jaar ná jaar behaal ten spyte van wisselende grond- en klimaatstoestande hier in die RSA.

Ons saadkwekers is besproeiingsboere met bewese ondervinding van sojaboonproduksie, met die regte landboudoerusting en arbeid beskikbaar om kommersiële saad te produseer. Kwekers word volgens kontrak verbind tot die gebruikmaking van voorgeskrewe akkerboupraktyke, vanaf plant tot by oesinsameling. Dit sluit in die korrekte gebruik van kunsmis, insekdoders, onkruidodders en swamdoders.

Gereelde landinspeksies word gedoen

om te verseker daar word aan al die vereistes voldoen. Kwekers word ook deur die seisoen volgens 'n puntstelsel geëvalueer. Hierdie is kritiese riglyne wat deur kwekers gevolg moet word ten einde maksimum rendemente te verkry en saad van die hoogste gehalte en suiwerheid aan Link Seed te verskaf.

Gelewerde saad by die saadaanleg word skoongemaak, gegradeer en verpak met die moderneste sojasaadverwerkingsfasiliteite beskikbaar. Elke saadlot moet voldoen aan die vereiste minimumstandaarde vir kieming, fisiese suiwerheid en ook genetiese suiwerheid alvorens dit vir bemarking aanvaar word. Hierdie standaard val binne internasionale norme.

Plaaslik geteel, plaaslik geproduseer en plaaslik verwerk. Suid-Afrikaanse boere kan gerus wees want hulle kry uitstekende gehalte-sojasaad.

Ons missie is jou as boer se tevreedenheid. ☐



## ONS SOJAPAKKET

LS 6444R  
 LS 6240R  
 LS 6146R  
 LS 6248R  
 LS 6453R  
 LS 6150R  
 LS 6261R  
 LS 6164R  
 LS 6161R  
 LS 6466R

LINK SEED SOJAS - BIED SOVEEL MEER



Kwaliteit en Diens

Deel van die Limagrain Groep

Tel: 033 417 1496 / [www.linkseed.co.za](http://www.linkseed.co.za)

